LAERSKOOL SELECTIONPARK

Telefoon : 011 362 6858
E-Pos : admin1@laerskoolselectionpark.co.za
admin2@laerskoolselectionpark.co.za; admin10@laerskoolselectionpark.co.za

NASKOOLSENTRUM INSKRYWINGSVORM 2027

Chevonne : 073 608 2086

OOREENKOMS AANGEGAAN TUSSEN LAERSKOOL SELECTIONPARK EN (VAN EN VOORLETTERS VAN OUER)

VIR BYWONING VAN DIE NASKOOLSENTRUM VAN LAERSKOOL SELECTIONPARK

LEERDERINLIGTING:

VAN	NAAM	GEBOORTEDATUM	GRAAD / KLAS
			/
			/
			/

Ek, as ouer/voog van die bogenoemde leerder, onderneem hiermee om my te hou aan die volgende bepalings van hierdie ooreenkoms:

1. Ek sal sorg dat alle naskoolsentrumfooie te alle tye betyds betaal word. Ek neem kennis dat indien fooie nie teen die 7de van die maand betaal is nie, my kind sonder verdere kennisgewing van die naskoolsentrum uitgesluit sal word.
2. Fooie is betaalbaar oor **11 maande**, vanaf **Januarie tot November**. Ek neem kennis dat die naskoolsentrum **gesluit sal wees gedurende die Desember skoolvakansie**, en dat geen fooie vir Desember betaalbaar is nie.
3. Ek verstaan dat **indien fooie 60 dae agterstallig is, my kind uit die naskoolsentrum verwyder sal word**, en indien die **rekening 90 dae agterstallig is, die saak vir invordering oorhandig sal word**.
4. Indien my kind se gedrag nie na wense is nie, sal ek dit onmiddellik aanspreek en toesien dat dit nie weer herhaal word nie. Ek aanvaar dat verdere swak gedrag sal lei tot uitsluiting van my kind uit die naskoolsentrum.
5. Ek sal my kind elke middag voor 17:30 by die naskoolsentrum afhaal. Ek neem kennis dat daar ná 17:30 geen toesig meer beskikbaar is nie.
6. Ek verstaan dat dit nie die verantwoordelikheid van die naskoolsentrumpersoneel is om toe te sien dat my kind se huiswerk voltooi is nie. Ek sal as ouer self toesien dat huiswerk vir die volgende dag gedoen is.
7. Ek aanvaar dat die naskoolsentrum geen aanspreeklikheid dra vir die verlies of beskadiging van selfone, sporttoerusting, tasse, sportsakke of enige ander items wat my kind by die skool het nie.
8. Ek onderneem om **een kalendermaand skriftelik kennis te gee** indien my kind nie langer die naskoolsentrum sal bywoon nie.
9. Ek neem kennis dat die naskoolsentrum **gedurende langnaweke en openbare vakansiedae gesluit** is.
10. Die naskoolsentrum sal my kind elke middag van **'n voedsame ete voorsien**.
11. My kind sal te alle tye onder toesig wees van **bekwame personeel** van die naskoolsentrum.
12. Ek is bewus daarvan dat studiehulp en toesig gedurende studietye **deur onderwysstudente in opleiding** waargeneem sal word.

Naskoolsentrumfooie vir 2027

- Een kind : R1355-00 per maand
- Tweede kind : R1255-00 per maand
- Derde kind : R1190-00 per maand
- Dagtarief : R 140-00 per dag

Spesiale tarief indien u kind/ers slegs 3 dae per week die Naskool bywoon:

Totaal vir een kind	:	R 975-00 per maand
Totaal vir twee kinders	:	R1410-00 per maand
Totaal vir drie kinders	:	R1965-00 per maand

_____ _____

HANDTEKENING: OUER **DATUM**

KONTAKBESONDERHEDE VAN OUER (Voltooi asseblief in drukskrif!)

Volle Name en Van: (Ouer) _____

OUER SE ADRES:

_____

_____

_____

MEDIESEBESONDERHEDE	
Naam van Mediesefonds:	
Lidnommer:	Plan:
Huisdokter:	
Telefoonnommer by die Spreekkamers:	

KONTAKBESONDERHEDE	
VADER	MOEDER
Tel. Huis:	Tel. Huis:
Tel. Werk:	Tel. Werk:
Selfoon:	Selfoon:

KONTAKBESONDERHEDE VAN 'N ANDER PERSOON INDIEN OUER NIE BESKIKBAAR IS NIE
Naam en Van:
Tel. Huis:
Tel. Werk:
Selfoon: